LIMPOPO
PROVINCIAL GOVERNMENT
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DEPARTMENT OF
EDUCATION

NASIONALE

SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

REKENINGKUNDE V1

SEPTEMBER 2020

PUNTE: 150

TYD: 2 URE

Hierdie vraestel bestaan uit 12 bladsye (insluitende a 1-bladsy formuleblad) en 'n antwoordeboek van 10 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies deeglik en volg dit nougeset:

1. Beantwoord AL die vrae.
2. ‘n Spesiale ANTWOORDEBOEK is voorsien waarin AL die vrae beantwoord moet word.
3. ‘n FORMULEBLAD vir finansiële aanwysers is tot hierdie vraestel aangeheg. Jy mag dit gebruik indien nodig.
4. Toon ALLE berekeninge om deelpunte te verdien.
5. Jy mag ‘n nie-programmeerbare sakrekenaar gebruik.
6. Jy mag ‘n donker potlood of ‘n swart/bou pen gebruik om die vrae te beantwoord.
7. Waar van toepassing, toon berekeninge tot EEN desimale punt.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as ‘n gids wanneer die vraestel beantwoord word. Probeer om nie hiervan af te wyk nie.

VRAAG 1: 65 punte; 50 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Ouditkonsepte Inkomstestaat en Balansstaat	**Finansiële rekeningkunde:** Ouditkonsepte Finansiële State en Notas

VRAAG 2: 45 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Vaste Bate Nota Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers	**Bestuur van hulpbronne:** Vaste Bate Nota **Finansiële rekeningkunde:** Kontantvloeistaat en Finansiële Aanwysers

VRAAG 3: 40 punte; 35 minute	
Onderwerp van die vraag:	**Hierdie vraag integreer:**
Analise en Interpretasie van Finansiële State	**Bestuur van hulpbronne:** Kontantvloeistaat Interpretasie

VRAAG 1 OUDITVERSLAG, FINANSIëLE STATE EN NOTAS

(65 punte; 50 minute)

1.1 OUDITVERSLAG

Kies die term uit die lys hieronder, wat die beste pas by die voorbeelde van die gegewe Ouditverslae. Skryf slegs die term van jou keuse langs die nommer (1.1.1 – 1.1.3) in die ANTWOORDEBOEK. (3)

Gekwalifiseerde Verslag	Ongekwalifiseerde Verslag	Weerhouding van mening

1.1.1	As gevolg van die belangrikheid van die teenstrydigheid in die voorafgenoemde paragraaf, kon ons nie voldoende ouditbewyse verkry om 'n oudit opinie te kan lewer nie. Daarvolgens, kan ons nie 'n opinie lug oor die finansiële state, vir die jaar geëindig 29 Februarie 2020, nie.
1.1.2	Die finansiële state toon in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van die maatskappy op 29 Februarie 2020, soos uiteengesit deur IFRS en die Maatskappyewet van Suid-Afrika.
1.1.3	Behalwe vir die reisuitgawes in die Inkomstestaat, wat nie bewys kon word met die relevante dokumentasie nie, toon hierdie finansiële state in alle wesenlike opsigte, die finansiële posisie van die maatskappy op 29 Februarie 2020.

Kopiereg voorbehou

1.2 FINANSIëLE STAT EN NOTAS

Die inligting het betrekking op House of Cleaning Beperk vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020. Hulle verkoop skoonmaakmateriaal en hulle voorsien ook skoonmaakdienste.

GEVRA

1.2.1 Bereken die uitstaande syfers om die Staat van Omvattende Inkomste (Inkomstestaat) vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020, te voltooi. (39)

1.2.2 Berei die Behoue Inkomste nota tot die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 29 Februarie 2020, voor. (7)

1.2.3 Berei die Ekwiteit en Aanspreeklikhede afdeling van die Staat van Finansiële Posisie (Balansstaat) op 29 Februarie 2020, voor. (16)

INLIGTING:

Proefbalans op 29 Februarie 2020	
	R
Aandelekapitaal (200 000 aandele)	3 200 000
Toerusting	80 000
Opgehoopte waardevermindering op Toerusting	36 000
SAID: Inkomstebelasting (dt)	180 100
Gewone Aandele Dividende	86 000

AANSUIWERINGS EN ADDISIONELE INLIGTING:

A. Die volgende kredietnota was aan ‘n kliënt uitgereik wat ontevrede was met verkeerde produkte wat afgelewer is en die skoonmaakdiens gelewer. ‘n Winsopslag van 20% word gebruik.

House of Cleaning
KREDIETNOTA **Nr. 14**
BTW nr: 36900
Datum: 27 Februarie 2020
Aan: Prima Office Park

Eenhede	Besonderhede/Omskrywing	Eenheidsprys		Totaal	
3	Meerdoelige skoonmaker 10 liter	420	–	1 260	–
	Skoonmaakdiens	1 000	–	1 000	–
				2 260	–

B. **Handelsvoorraadtekort:**

- Na al die bogenoemde in berekening gebring is, is die handelsvoorraadtekort bereken as R8 700.
- Daarna is gevind dat die boekhouer nie ‘n transaksie ingesluit het waar handelsvoorraad met ‘n verkoopprys van R720 (kosprys R600) geneem is om ‘n kliënt se kantoor skoon te maak nie – dit word gesien as Skoonmaak-uitgawes.
- Suiwer die boeke dienooreenkomstig aan.

C. Die Telefoonrekening vir Februarie 2020 is ontvang, R4 400, maar is nog nie betaal nie.

D. Die Bankstaat ontvang op 29 Februarie 2020, toon die volgende transaksies wat nog in berekening gebring moet word:

- ‘n Direkte deposito van R14 200 is ontvang vanaf Trudy’s Salon vir skoonmaakdienste. 75% van hierdie bedrag is vir Maart tot Mei 2020.
- Diensgeld, R450.

E. Huurinkomste het vanaf 1 Mei 2019 verhoog met R500 per maand. Die laaste maand se huur is steeds uitstaande.

F. Die direkteure het die boekhouer in kennis gestel dat hulle helfte van hul laaste maand se fooie, namens die besigheid aan die Covid-19 fonds sal skenk. Die betalings aan die direkteure en die fonds is gemaak, maar geen inskrywing is in die boeke gedoen nie.

G. **Bateverkope:**

- ‘n Voertuig wat op 1 Maart 2017 teen ‘n kosprys van R120 000 aangekoop is, is op 1 November 2019 teen ‘n verlies van R6 000, vir R42 000 kontant verkoop. Die transaksie is in die boeke aangeteken.
- Daar is later gevind dat die boekhouer die waardevermindering van hierdie bate se laaste jaar, verkeerdelik bereken het as ‘n periode van 12 maande.
- Waardevermindering op voertuie word bereken op die kosprysmetode en hierdie jaar se bedrag is reeds uitgewerk en ingeskryf.
- Stel die fout reg.

H. Waardevermindering op Toerusting (bereken teen 10% p.j. op die verminderde saldo-metode) moet nog vir hierdie jaar in berekening gebring word.

Aansuiwerings vervolg op die volgende bladsy.

I. Rente op lening is gekapitaliseer maar is nog nie ingeskryf nie. Die leningstaat ontvang op 29 Februarie 2020, toon die volgende:

Leningstaat op 29 Februarie 2020:	
Saldo op 1 Maart 2019	R320 800
Rente gehef	R110 000
Betalings gedurende die jaar	R182 000
Saldo op 29 Februarie 2020	?

Die terugbetaling van die kapitaalbedrag van die lening sal herhaal word in die volgende finansiële jaar.

J. Inkomstebelasting vir die jaar beloop R197 100. Dit is 30% van die netto wins voor belasting.

K. Let daarop dat die Skoonmaak-uitgawes die balanserende bedrag in die Inkomstestaat is.

L. **Aandele:**

- 75 000 nuwe aandele is op 1 Junie 2019 teen R17 per aandeel uitgereik.
- 15 000 aandele is op 5 Januarie 2020 teen R20 per aandeel teruggekoop.
- Alle transaksie met betrekking tot aandele is korrek aangeteken.

Dividende:

- Interim dividende is op 31 Oktober 2019 verklaar en betaal.
- 'n Finale dividend van 60c per aandeel is op 28 Februarie 2020 verklaar.

65

VRAAG 2 VASTE BATES, KONTANTVLOEISTAAT EN FINANSIëLE AANWYSERS

(45 punte; 35 minute)

2.1 MALANGE VERVOER

Jy word voorsien van inligting rakende Malange Vervoer vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

GEVRA

Voltooi die Vaste Bate Nota op 29 Februarie 2020. Toon berekeninge om sodoende deelpunte te kan verdien. (17)

INLIGTING

A **Inligting op die vorige jaar se finansiële state:**

- Die finansiële state op 29 Februarie 2019, toon die drawaarde van voertuie as R260 000.
- Die nota stel dat Voertuie teen 20% p.j. op die kosprys afgeskryf word.
- Jy bepaal dat die kosprys van hierdie Voertuie R680 000 was.

B. **Transaksies gedurende die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020:**

- ‘n Voertuig wat ‘n paar jaar terug vir R180 000 aangekoop is, is op 31 Augustus 2019 teen drawaarde ingeruil vir ‘n nuwe voertuig. Die opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2019 vir hierdie verkoopte voertuig was R135 500.
- Jy bepaal ook dat ‘n verdere bedrag van R293 500 by ABSA geleen moes word om vir die nuwe voertuig te betaal.

2.2 SOPHY VERSKAFFERS BEPERK

Die volgende inligting het betrekking op Sophy Verskaffers Beperk wat spesialiseer in die verspreiding van veiligheidstoerusting aan myne in haar provinsie. Die finansiële jaar het op 30 Junie 2020 geëindig.

GEVRA

2.2.1 Bereken of voltooi die volgende vir die Kontantvloeistaat op 30 Junie 2020:

(a) Dividende betaal (3)

(b) Kontantvloei uit Finansieringsaktiwiteite (7)

2.2.2 Bereken die volgende:

(a) Belasting betaal gedurende die jaar (4)

(b) Netto Batewaarde per Aandeel (NBW) op 30 Junie 2020 (3)

(c) Skuld/Ekwiteitsverhouding op 30 Junie 2020 (3)

(d) % opbrengs op totale kapitaal aangewend op 30 Junie 2020 (8)

INLIGTING

A

Uittreksel uit die Balansstaat op 30 Junie 2020		
	2020	**2019**
Vaste Bates teen drawaarde	4 339 600	2 760 000
Belegging	360 000	830 000
Aandeelhouersbelang	3 214 000	3 587 200
Gewone aandelekapitaal	2 318 000	2 400 000
Behoue Inkomste	896 000	1 187 200
Lening	1 946 000	560 000
SAID: Inkomstebelasting	(dt) 418 800	(kt) 196 400
Aandeelhouers vir Dividende	231 800	144 000

B. **Gewone aandelekapitaal:**

1 200 000	Aandeel begin van die jaar uitgereik	?
240 000	Addisionele aandele uitgereik op 1 Oktober 2019	R520 000
336 000	Aandele op 1 Februarie 2020 teruggekoop	R588 000
?	Aandele op 30 Junie 2020	?

C. **Behoue Inkomste:**

Terugkoop van aandele	R319 200
Interim dividende	R201 600
Finale dividende	R231 800

D. **Lening en rente op lening:**

- Die lening is gedurende die jaar verhoog.
- Rente op lening beloop R291 900.

E. Nadat al die aansuiwerings hierbo in berekening gebring is, is die volgende bereken:

Netto Wins voor Belasting	R1 033 200
Inkomstebelasting	R442 800
Netto Wins na Belasting	R590 400

45

VRAAG 3 INTERPRETASIE VAN FINANSIëLE INLIGTING

(40 punte; 35 minute)

FLORIDA BEPERK EN TEXAS BEPERK

Gilbert Lewis besit aandele in beide maatskappye. Hy wil beide maatskappye se finansiële resultate analiseer om sy portefeulje te verbeter.

GEVRA

3.1 Lewer kommentaar op die likiditeit van die twee maatskappye en verduidelik watter maatskappy die bedryfskapitaal meer effektief bestuur. (6)

3.2 Lewer kommentaar op die mate van risiko en hefboomfinansiering van beide maatskappye. Verduidelik hoe hierdie jou keuse van maatskappy sal beïnvloed. (6)

3.3 Oorweeg die Opbrengs, Verdienste en Dividende van die twee maatskappye.

(a) Verduidelik of Gilbert tevrede moet wees met die opbrengs op sy belegging in beide maatskappye of nie. Voorsien finansiële aanwysers/syfers om jou antwoord te staaf. (4)

(b) Bereken die dividend-uitbetalingsbeleid van beide maatskappye. Dui aan watter maatskappy die beter beleid toegepas het en die moontlik rede vir daardie besluit. Voorsien syfers en berekeninge om jou antwoord te staaf. (6)

3.4 (a) **Verwys na INLIGTING B en C.** Dui aan hoeveel aandele Gilbert in elke maatskappy moet aankoop om die persentasie aandeelhouding te handhaaf wat hy aan die begin van die jaar gehad het. (8)

(b) Bereken die bedrag wat Gilbert gaan spandeer om sy persentasie aandeelhouding in elke maatskappy te handhaaf. Verskaf ‘n rede hoekom Gilbert hierdie bedrag sal betaal. (6)

(c) Lewer kommentaar op die prys wat Gilbert per aandeel betaal het vir hierdie aandele in beide maatskappye en voorsien syfers om jou antwoord te staaf. (4)

INLIGTING

A. **Finansiële aanwysers en addisionele inligting op 29 Februarie 2020:**

	Florida	**Texas**
Bedryfskapitaalverhouding	1,5 : 1	2,1 : 1
Vuurproefverhouding	0,6 : 1	1,1 : 1
Skuld/Ekwiteitsverhouding	0,3 : 1	0,8 : 1
Opbrengs op totale kapitaal aangewend	15,5%	11,8%
Rente op lening	14%	14%
Opbrengs op aandeelhouersbelang	16% (14% in 2019)	28% (24% in 2019)
Verdienste per aandeel	124 sent	143 sent
Dividende per aandeel	100 sent	75 sent
Markwaarde per aandeel	R8,00	R16,00
Netto Batewaarde per aandeel (NBW)	R7,20	R17,50

B. **Aandelekapitaal van die twee maatskappye:**

	Florida		**Texas**	
Begin van die jaar: 1 Maart 2019	420 000 aandele	R2 856 000	140 000 aandele	R1 960 000
Nuwe aandele deur die jaar uitgereik	117 000 aandele	R936 000	70 000 aandele	R1 120 000
Aandele teruggekoop gedurende die jaar	–	–	35 000 aandele	R560 000

C **Aantal aandele wat Gilbert in elke maatskappy besit:**

- Aan die begin van die jaar, het Gilbert die volgende aandele in elke maatskappy besit:

Florida Beperk	214 200 aandele
Texas Beperk	84 000 aandele

40

TOTAAL: 150 punte

GRAAD 12 REKENINGKUNDE: FINANSIëLE AANWYSERS FORMULEBLAD		
$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bruto wins}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins voor belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfsuitgawes}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Bedryfswins}}{\text{Verkope}} \times \frac{100}{1}$
Totale bates : Totale laste	Bedryfsbates : Bedryfslaste	(Bedryfsbates – Voorraad) : Bedryfslaste
(Handels- en ander ontvangbares + Kontant en kontantekwivalente) : Bedryfslaste	$\frac{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	
$\frac{\text{Gemiddelde debiteure}}{\text{Kredietverkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Koste van verkope}}{\text{Gemiddelde handelsvoorraad}}$	
$\frac{\text{Handelsvoorraad}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Kredietaankope}} \times \frac{365}{1}$	$\frac{\text{Gemiddelde krediteure}}{\text{Koste van verkope}} \times \frac{365}{1}$
Langtermynlaste : Aandeelhouersbelang	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$
$\frac{\text{Netto wins voor belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde langtermynlaste}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Netto wins na belasting + rente op lening}}{\text{Gemiddelde aandeelhouersbelang + Gemiddelde langtermynlaste}} \times \frac{100}{1}$	
$\frac{\text{Aandeelhouersbelang}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende per jaar}}{\text{Aantal aandele uitgereik}} \times \frac{100}{1}$	$\frac{\text{Dividende per jaar}}{\text{Verdienste per aandeel}} \times \frac{100}{1}$